

25 Januarie

Vreugde in die nuwe lewe

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:8, 9

Die ou lewe wil jou dwing om met 'n lang gesig rond te loop. Dit wil jou dryf om in al die lewensdonkerhede swartgallig te bly.

Maar 'n Christen *weet* iets, *het* iets wat sy hele lewe nuut maak. Dit is die werklikheid dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het, en ons saam met Hom in 'n nuwe lewe (1 Pet 1:3-5).

- Dit gee aan jou hoop, sodat jy oor die swaar van die lewe kan kyk en God, jou Vader, in alles kan raaksien.
- Dit gee jou geloof, sodat jy deur alles weet God bewaar jou veilig in sy hand.
- Dit gee aan 'n Christen innerlike vreugde en blydskap.

Natuurlik is 'n Christenlewe nie altyd maanskyn en rose nie. Tog kan 'n gelowige die swaarkry blymoedig dra, want soos goud deur vuur gelouter word, suiwer die Here jou geloof deur die beproewing van die lewe. Dit bind ons net vaster aan ons Here.

Hierdie swaarkry gaan verby, maar die ewige heerlikheid wat in Christus ons deel geword het, nie. Deur alles weet die gelowige: ons is saam met Christus op pad na die toekomstige heerlikheid, al sien ons Hom nie nou nie. Juis deur noue omgang met die Here, sy Woord en sy kerk bly hierdie geloof wat jou bind aan Hom met alles wat Hy jou gee, sterk in jou hart. Jy sien uit na sy wederkoms.

Dit maak jou lewensvreugde intenser:

- Nou reeds ervaar die Christen die blydskap dat hy tot in ewigheid deel het aan die saligheid wat Jesus bewerk het.
- Nou reeds leef die gelowige juis met die Here, want hy kyk vorentoe.
- Nou reeds het jy vreugde en blydskap, want jy het die sekerheid: in lewe en in sterwe behoort ek aan my Saligmaker, Jesus Christus.

Dit is al wat tel, nie die ellende en swaarkry van die lewe nie.

Sing: Ps 34:1, 4 (1936-beryming)

Ds. Roelie Aucamp (Middelburg, Karoo)